DIE PROJEKPLAN IS 'N DOKUMENT WAAROP ALLE PROJEKVOORSTELLE INGEDIEN MOET WORD OM TE VERSEKER DAT HULLE, TER WILLE VAN EVALUARING, EENVORMIG IS. VERDER, OM TE VERSEKER DAT AL DIE TER SAKE INLIGTING OORWEEG WORD. DIT IS BEDOEL OM 'N PLAN VAN VOORNEMENDE OPTREDE TE WEES WAARIN AANGEDUI WORD WAT, HOE, WANNEER EN VIR WATTER DOEL DIE PROJEK VAN STAPEL GESTUUR WORD.

1. PROJEKNOMMER (SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK):

2. NAAM EN KONTAKBESONDERHEDE VAN PROJEKVOORSTELLER EN PROJEKLEIER:

	PROJEKVOORSTELLER	PROJEKLEIER
NAAM	Deon Oelofse	Deon Oelofse
POSADRES	Posbus 884,Humansdorp,6300	Posbus 884, Humansdorp,6300
E-POS	deonoelofse@telkomsa.net	deonoelofse@telkomsa.net
FAKSNOMMER	**086 539 1841**	**086 539 1841**
TEL. WERK	0422952698	0422952698
TEL. HUIS	0422911355	0422911355
SEL.	0834637551	0834637551

	28/09/09

(HANDTEKENING VAN PROJEKVOORSTELLER) **(DATUM)**

3. BESKRYF DIE DOEL/BEDIENING VAN DIE PROJEK:

Die CMR Ring van Humansdorp is die Diens van Barmhartigheid-arm van die Ring van Humansdorp. Die Ringsgemeentes kyk dus na die CMR Ring van Humansdorp vir leiding rondom sekere projekte en navorsing rondom die veld van Diens van Barmhartigheid. By die laaste Ringsitting is die CMR Ring van Humansdorp opnuut geïdentifiseer as ’n belangrike vennoot en werkstuig van die Ring van Humansdorp. Dit is opnuut ook weer bevestig by die Jaarvergadering van die CMR Ring van Humansdorp waar al die Ringsgemeentes teenwoordig is. Die Ring finansier ook meer as R100 000 per jaar aan die CMR Ring van Humansdorp.

Een van die duidelike take wat die Ring van Humansdorp haarself taak is “Sorg en Getuienis”. Hiervan is armoede ’n groot vraagstuk wat baie aandag in ons omgewing verg. Tesame met die VGK Humansdorp word die saak aangespreek. Die behoefte aan ’n sogenaamde “Maatskaplike toolkit” blyk baie groot te wees in al die gemeente. Hiermee wil die CMR Ring van Humansdorp opnuut weer gemeentes en gemeenskappe bemagtig met instrumente om die mens in nood te dien. Dit is egter ’n omvangryke taak en benodig deeglike navorsing sowel as beplanning van wat om in hierdie “toolkit” te plaas.

Die doel van die projek is:
Om by gemeentes en lidmate te hoor wat is die nood in hul gemeenskap en hoe hul dink wat moet gebeur. Die proses word gefasiliteer deur die Maatskaplike Werkers, Diens van Barmhartigheid kommissies/Bedieninge sowel as ander gemeenskapsprojekte.
Om ’n databasis van inligting daar te stel rondom onderwerpe soos: Armoede, middel afhanklikheid, werkskepping, versorging en bewaring
Om ’n toolkit met basiese inligting daar te stel vir elke gemeente om na gelang van hul omstandighede sekere projekte te loods en/of sekere inligtings-en bewusmakingsveldtogte in hul gemeenskappe te begin. Daar is talle klein gemeentes in ons Ring (vier gemeentes het minder as 300 Belydende lidmate en hul het ’n werklike behoefte aan doelmatige en haalbare projekte vir hul gemeenskap en gemeente.

Die hoop van die projek is om soveel as moontlike mense te bereik met inligting en diens om hul in hul nood te help en by te staan.

4. BESKRYF DIE PERSONE, GEMEENTE, RING, INSTANSIE(S) WAT BY DIE PROJEK SAL BAAT EN HOE DIT HULLE SAL BEVOORDEEL INDIEN DIT NIE REEDS BY PUNT 3 GENOEM IS NIE:

Al die Ringsgemeentes sal deel wees van die projek sowel as die VGK Humansdorp,
Gamtoosvallei en waarskynlik die VGK Gemeentes Kareedouw, Tsitsikamma en
Misgund. ’n Afgetrede Maatskaplike Werker van die Tsitsikamma sowel as die leraar
van die VGK Humansdorp sal ook bestrokke wees.

5. BESKRYF DIE STAPPE/FASES VAN DIE PROJEK EN DIE TYDSVERLOOP VAN ELK EN DERHALWE DIE BEGIN EN EINDE DAARVAN:

STAPPE/FASES	TYDSVERLOOP
Inligting versameling en aanknoping met gemeenskappe	Drie maande
Navorsing en samestelling van materiaal	Ses maande
Verspreiding en terugvoer van gemeentes/gemeenskap	Drie maande
Implementering	Deurlopend

6. BESKRYF DIE HULPBRONNE WAT VIR DIE PROJEK BENODIG WORD:

6.1 PROJEKSPAN:

NAME VAN LEDE	VAN WAAR (GEMEENTE, ANDER)
Ds DF Oelofse	Humansdorp
Ds S Sass	Gamtoosvallei-Oos
Ds Willem van der Merwe	Tsitsikamma
Me C van der Merwe	Maatskaplike Werker
Me M Bronman	Maatskaplike Werker
Me M van Taak	Maatskaplike Werker
Ds A Bruintjies	VGK Humansdorp
Ds K van Niekerk	Jeffreysbaai, Voorsitter CMR Ring van Humansdorp

6.2 TOERUSTING:

BESKRYWING VAN TOERUSTING	HOEVEELHEID
In die stadium is dit onduidelik watter toerusting benodig	
gaan word. Die doel van die projek is wel om materiaal	
beskikbaar te stel aan gemeentes. Dus blyk dit dat ‘n trommel,	
plakkate, inligtingstukke, handpoppe en ander toerusting	
versprei sal word.	

6.3 ADMINISTRATIEWE INFRASTRUKTUUR (BYVOORBEELD: HULP MET TIKWERK, INTERNET, AFROLWERK, VERSENDING, ENSOMEER):

BESKRYWING	WANNEER BENODIG
Van uit die kantoor van die CMR Ring van Humansdorp	

6.4 ANDER:

6.5 BEGROTING EN DIE VERWAGTE SKEDULERING VAN UITBETALINGS

6.5.1 UITEENSETTING:

BEGROTINGSITEMS	BEDRAG
REISKOSTE	R1000
VERBLYFKOSTE	
REKENAARUITGAWES	
SKRYFBEHOEFTES	
DRUKWERK	
TELEFOON	
POSGELD	
VERVERSINGS	
ANDER (SPESIFISEER ASSEBLIEF):	
Toerusting en materiaal vir navorsing en projekuitgawes	R3000

6.5.2 SKEDULE:

DATUM	BEDRAG
Desember 2009	

6.5.3 HOE EN AAN WIE MOET UITBETALINGS GEMAAK WORD?

In die rekening van die Ring van Humansdorp

7. ENIGE ANDER SAKE WAT OORWEEG MOET WORD:

Ons vertrou dat indien die SK hierdie aansoek oorweeg hul sal sien dat die Ring van Humansdorp, soos die Reglement 8 dit verwoord, graag die projek wil aanpak tot diens en tot uitbreiding van die Koninkryk van God in die Kouga/Koukamma streek. Daarom vra ons u om die kapitaal beskikbaar te stel aan ons ring vir hierdie projek.